Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S.

J. H. VAN DYK
SAAKGELASTIGDE, N.G. KERK, O.V.S.

TELEFOON 80175

DIE SINODALE SENTRUM
ST. ANDREWSTRAAT 147
POSBUS 399
BLOEMFONTEIN
9300

DIE SENDINGSEKRETARIS
27-3-1980
N.G. KERK O.V.S.

Ons verw. : Mnr. Van Dyk/FvT

26 Maart 1980

Ds. D.S. Snyman,
Algemene Sendingsekretaris,
Posbus 1399,
BLOEMFONTEIN.
9300

Geagte Ds. Snyman,

VALSFONTEIN : BEMAKING UIT BOEDEL WYLE MNR. F.G. TROMP

Hierby ingesluit vind u 'n fotostatiese afskrif van 'n skrywe wat ons na aanleiding van u navraag by mnr. Pretorius van Naude & Naude, Van de Wall & Vennote van hom ontvang het.

Indien daar voortgegaan word met die gedagte van die verkoop van die plaas sal ons ter wille van die ouditeure 'n besluit van u kommissie in die verband moet verkry.

Ons aanvaar dat die kantore van die Sending en die S.K.D.B. verantwoordelikheid sal aanvaar vir die verkryging van die toestemming van al die diensdoende predikante in die O.V.S. Waar u as Sekretarisse eersdaags al die onderskeie ringe besoek, moet u nie by die geleentheid die skriftelike toestemming van die onderskeie broeders verkry nie? Uit ondervinding weet ek as die toestemming per pos verkry moet word, sal dit baie lank duur.

Sodra ek weer van u verneem sal ek verder met mnr. Pretorius in verbinding tree.

U dienswillige,

J.H. VAN DYK,
SAAKGELASTIGDE.
NED. GEREF. KERK IN DIE O.V.S.

NAUDE & NAUDE, VAN DE WALL EN VENNOTE

PROKUREURS

TRUSTFONTEIN-GEBOU
ST. ANDREWSTRAAT
BLOEMFONTEIN
9301

ONS VERW MNR PRETORIUS/BVN

U VERW MNR VAN DYK

POSBUS 153 of 260
TELEFOON: 70611
TELEGRAMME: EDUAN of PAX
TELEKS: 2-7127

1980:03:20

Die Saakgelastigde
N.G. Kerk in die OVS
BLOEMFONTEIN

Geagte meneer

BEMAKING BOEDEL FREDERICK GERHARDUS TROMP

Ons verwys na die onderhoud wat ons op 19 deser gevoer het met u D.i. Snyman en Heyns en wil soos volg aan u rapporteer:

1. Ingevolge die testament van wyle FREDERICK GERHARDUS TROMP, gedateer 20 September 1923, het die volgende bemaking geskied:

   "Ek bemaak aan die Sinode van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in den Oranje Vrij Staat mij plaats "Valschfontein No 147" distrik Bethulie met die bepaling dat die inkomste van die plaas gebruik moet word vir die arme, blinde, kreupele en verminkte lede van gemelde kerk en vir die sending werk van die kerk".

2. Dit blyk dat die testateur voormeld oorlede is gedurende 1968 en volgens akte van transport nr 1767/1929 blyk dit dat die vaste eiendom geregistreer is in die naam van die Sinodale Kommissie van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. ingevolge 'n donatio inter vivos wat geskied het op 19 Maart 1929 en wel met die volgende voorwaarde:

   "Dat die gemelde eiendom nie vervreem, verpand of verbind mag word sonder die toestemming van al die diensdoende predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat".

3 / ...

DIE SAAKGELASTIGDE N G KERK IN DIE O.V.S. 1980:03:20

---

3. Dit is duidelik dat die skenking wat gedurende 1929 plaasgevind het, die bemaking in die testament herroep en vervang het. In ons reg het ons te doen met twee vorms van skenking, naamlik, die donatio inter vivos en donatio mortes causa. Die donatio mortes causa kan eensydiglik bv by wyse van testament herroep word, maar die donatio inter vivos aan die anderkant kan nie eensydiglik en sonder medewerking van die begiftigde herroep word nie.

4. In die onderhawige geval is daar dan ook reeds uitvoering aan hierdie skenking gegee en kan die testamentêre bepalings vir alle doeleindes buite rekening gelaat word. Die voorwaardes vervat in die aangehaalde akte van transport is van krag en alvorens die eiendom dan verkoop mag word, moet die toestemming van al die diensdoende predikante van die N.G. Kerk in die Oranje Vrystaat verkry word tot sodanige verkoping.

Ons wil voorstel dat die toestemming van die betrokke predikante in 'n bepaalde vorm opgestel word en wil aan die hand doen dat u mnr van Dyk met skrywer hiervan in verbinding tree op die stadium wanneer u die toestemmings aan die betrokke predikante moet voorlê.

Ons wag om mettertyd van u in hierdie verband te verneem.

die uwe

NAUDE EN VAN DE WALL